

HOOFSTUK 4: DATA-ONTLEDING

4.1 Inleiding

Die doel van die data-ontledingsprosedure is uiteindelik om antwoorde op die navorsingsvrae te verskaf (Boshoff, 1988). Die respons op die verskillende data-insamelmodes, die verwerking van die ingesamelde data en 'n bespreking van die resultate gaan vervolgens bespreek word:

- ◆ Verwerking van onderhoude met akademici
- ◆ Verwerking van fokusgroepsessie met inligtingkundiges

4.2 Verwerking van onderhoude met akademici

Gestruktureerde onderhoude aan die hand van die vraelysskedule (Aanhangsel A) is met agt akademici aan die Universiteit van Pretoria gevoer. Twee groepe akademici is geïdentifiseer naamlik akademiese presteerders en onderwysinnoveerders. Agt van die tien respondente wat aanvanklik gekies is, het aan die onderhoude deelgeneem.

4.2.1 Samevatting van onderhoude en voorlopige ontwerpriglyne (volgens onderhoudskedule se struktuur; Aanhangsel A)

Onderhoude is met agt respondente gevoer: vier akademiese presteerders en vier onderwysinnoveerders

Samevatting van onderhoude	Ontwerpriglyne
4.2.1.1 <u>Demografiese inligting</u>	
4.2.1.1.1 <u>Geslag</u> : al agt respondente is manlik	

4.2.1.1.2 <u>Ouderdomsaanduiding</u> : ses is in die groep 31-49 jaar en twee is in die groep bo 50 jaar	
4.2.1.1.3 <u>Vlak van Webgeletterdheid</u> : een is laag; vier is medium; een is medium tot hoog en twee is hoog	
4.2.1.1.4 <u>Omvang van klasgee</u> ; <u>Persentasie van tyd</u> : gemiddeld 29% van tyd word aan klasgee spandeer <u>Persentasie Webgebaseer</u> : geen vir ses respondente; een se klasgee is 50% Webgebaseer en een se klasgee is 75% Webgebaseer <u>Opmerking</u> : Die twee respondente wat Webgebaseerde onderwys gee, is albei onderwysinnoveerders én geesteswetenskaplikes. Drie van die akademiese presteerders was negatief oor UP se Webgebaseerde onderwysmodel.	◆ Koppeling met Web-CT moet ondersoek word
4.2.1.1.5 <u>Omvang van navorsing</u> ; <u>Persentasie van tyd</u> : gemiddeld 53% van tyd word aan navorsing spandeer <u>Aantal artikels in 1999</u> : 55 artikels met 'n gemiddeld van 7 artikels per respondent; wissel van 3 respondente met geen artikels tot respondente met onderskeidelik 10, 15 en 26 artikels in die natuurwetenskappe <u>Aantal referate in 1999</u> : 35 referate met 'n gemiddeld van 4 per respondent <u>Aantal M+D-studente in 1999</u> : 55 studente met 'n gemiddeld van 7 studente per respondent <u>Wetenskapsterreine</u> : Dierkunde, Metallurgiese Ingenieurswese, Rekeningkunde, Mikrobiologie, Afrikatale, Sielkunde, Fisika, Argeologie	◆ Die portaal moet aanvanklik veral die navorsingsproses ondersteun

<p>4.2.1.1.6 <u>Ander kennisprodukte</u>: Voorbeelde:</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Internasionale argeologie-uitstalling en multimediakiosk ◆ Rekenaarprogramme vir laboratorium ◆ Word dokumente en grafika vir Webonderwys ◆ Bou van elektroniese korpuse vir Afrikatale ◆ Multimedia cd's as deel van kursus ◆ Wil 'n Webbladsy laat ontwikkel wat olifante se bewegings aandui 	
<p>Sintese: Hierdie groep akademiëci is oor die algemeen gevestigde kundiges in hulle onderskeie vakgebiede en kan as opinie-leiers beskou word. Alhoewel onderwys en opleiding vir die respondente belangrik is, is navorsing hulle hoofaktiwiteit. Dit mag wees dat 'n doelbewuste steekproef met ander kriteria wat 'n ander groep respondente tot gevolg sou gehad het, tot ander resultate sou gelei het. Navorsing en onderwys is die twee hoofkennisprodukte.</p>	
<p>4.2.1.2 <u>Identifisering van inligtingbehoefte</u>:</p>	
<p>4.2.1.2.1 <u>Watter inligtingbronne (sluit deskundiges in) word gebruik; frekwensie van gebruik en beskikbaarheid op Web</u>:</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Boeke is deur drie respondente genoem. Hulle is almal in die geesteswetenskappe. Die boeke is nie op die Web beskikbaar nie. Word daaglik tot weeklik gebruik ◆ Tydskrifte (joernale) en tydskrifartikels word veral intensief deur die natuurwetenskaplikes gebruik - daaglik tot maandeliks - sommige is op die Web beskikbaar. Dit wou voorkom of heelwat van die respondente nie bewus is van UP se Tyds@Tuks elektroniese tydskrifprojek nie. Artikels word deur middel van soekenjins opgespoor 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die portaal moet vir e-boeke voorsiening maak ◆ Die portaal moet vir e-tydskrifte en e-artikels voorsiening maak

<ul style="list-style-type: none"> ◆ Soekenjins word deur vier respondente gebruik. Voorbeelde is Yahoo, Ananzi en WebFerret. Word daaglik tot maandeliks gebruik. ◆ Multimedia vir opleiding soos video en cd-rom. Een respondent wat dit jaarlik gebruik ◆ "Virtual sites" van argeologiese belang op die Internet. Word jaarlik deur een respondent gebruik. ◆ Argeologiese vindplekke en kultuurversamelings - maandeliks tot jaarlik deur een respondent ◆ Vakspesialiste, gasdosente, medewerkers/kollegas (ook internasionaal) is deur twee respondente genoem. Persoonlike kontak en e-pos op 'n weeklikse tot maandelikse basis ◆ Tussengangers. Drie van die respondente maak van inligtingkundiges, studente, sekretaresses ens gebruik om literatuurverwysings en tydskrifartikels te verkry ◆ Listservers. Een van die respondente maak van drie listservers gebruik ◆ Webbladsye van internasionale verenigings en institute. Twee respondente maak hiervan gebruik. Die een gebruik sy Web "browser" se "location" funksie om hierby uit te kom ◆ Lys van geakkrediteerde tydskrifte op UP Web word deur een respondent maandeliks gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die portaal moet vir soekenjins voorsiening maak ◆ Die portaal moet vir die byvoeg van urls voorsiening maak ◆ Die portaal moet vir 'n werksruimte vir kollegiale samewerking voorsiening maak ◆ 'n Kontaklys is nodig ◆ Die portaal moet vir e-pos en "listservers" voorsiening maak ◆ Die lys van geakkrediteerde tydskrifte moet beskikbaar wees
<p>4.2.1.2.2 <u>Watter inligtingsdienste word gebruik, byvoorbeeld interbiblioteeklenings</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Interbiblioteeklenings (IBL) word deur sewe van die respondente gebruik - vanaf 'n weeklikse tot 'n ses-maandelikse basis 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die portaal moet vir IBL voorsiening maak

<ul style="list-style-type: none"> ◆ Boeke word op reserwe in een respondent se kantoor gehou vir gebruik deur studente ◆ Inligtingkundiges is deur vier respondente genoem. Hulle lewer 'n wye verskeidenheid dienste, maar is veral betrokke by soektogte ◆ Databasisse is deur drie respondente genoem: Science Direct; ISI en CD-net. Een respondent gebruik nie die databasisse nie, aangesien dit volgens hom nie toeganklik is nie ◆ Versameling: papierboeke en -tydskrifte word in verskeie vorme gebruik soos die gereserveerde versameling en inhoudsopgawes wat aan hulle verskaf word. Een respondent maak van multimedia gebruik ◆ UP-Explore word deur twee respondente gebruik ◆ Fotostaatgeriewe is deur een respondent genoem ◆ Insette tot aankope is deur een respondent genoem. Twee respondente (albei natuurwetenskaplikes) het gekla oor onvoldoende fondse vir tydskrifte en oor tydskrifkansellasies <p><u>Opmerking:</u> Dit het voorgekom of die respondente selde self die biblioteek gebruik. Ander mense gebruik dit namens hulle. Daar is heelwat onkunde oor die AI se Webprodukte en -aanbiedings. Enkele respondente het ook die opmerking gemaak dat dit geld kos om tydskrifte op die Web te gebruik en daarom laat hulle liewers artikels fotostatteer</p>	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die portaal moet vir e-reserwes voorsiening maak ◆ Kontaklys vir inligtingkundiges is nodig ◆ Toegang tot databasisse is nodig ◆ E-inhoudsopgawes moet verskaf word ◆ Toegang tot die biblioteekatalogus is nodig ◆ Kommunikasie en insette rondom die aankoopproses is nodig ◆ Die AI se Webprodukte en -dienste moet doeltreffend bemark word
--	---


<p>4.2.1.2.3 <u>Watter tegnologiese hulpmiddels (soos 'n woordverwerker) word gebruik vir die verwerking van inligting en skep van kennisprodukte soos lesings of artikels?</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ MS Word word deur al agt respondente gebruik ◆ MS Excel word deur vyf respondente gebruik ◆ MS PowerPoint word deur vyf respondente gebruik ◆ MS Access word deur drie respondente gebruik ◆ Quest (om cd's mee te skryf) word deur een respondent gebruik ◆ Omnipage (vir skandering) en WordPerfect 9 word deur een respondent gebruik ◆ Elektroniese dagboeke word intensief deur een respondent gebruik ◆ Sigma Plot (grafika), Oregon en Basic word deur een respondent gebruik ◆ Frontpage word deur een respondent gebruik ◆ GIS programmatuur, ProCite vir literatuurverwerking en gevorderde statistiese pakkette word deur een respondent (en sy groep) gebruik ◆ CorelDraw en Web-CT word deur een respondent gebruik. Hy is besig om na multimedia en "virtual reality" te beweeg met sy opleiding. Hy gebruik 'n videokaart vir die maak van video's <p><u>Opmerking:</u> Die respondente se algemene rekenargeletterdheid is relatief hoog</p>	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Toegang tot MS-produkte is nodig ◆ Toegang tot ander tipe programmatuur moet ondersoek word
--	--

<p>4.2.1.2.4 <u>Op watter wyses word kennisprodukte soos lesings en artikels gekommunikeer?</u> (Byvoorbeeld lesings word fisies voor 'n klas gegee; artikels word in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer; referate word aan konferensies voorgedra)</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Al die respondente gebruik bogenoemde metodes ◆ Twee respondente maak van UP se telematiese onderwysmodel gebruik ◆ Een respondent maak van rekenaargesteuende onderrig in die klas gebruik ◆ Kortkursusse word deur een respondent gebruik ◆ Populêr wetenskaplike artikels, films, televisie, radio en koerante word deur een respondent (en sy navorsingsgroep) gebruik ◆ Studiegidse vir Web-CT en die opstel van verspreidingslyste vir studente word deur een respondent gebruik ◆ Lesings aan inrigtings / maatskappye wat navorsing befonds word deur een respondent gebruik ◆ 'n Respondent se departement: 3 programme op Web-CT; televisieprogramme; eie Webbladsy; eie intranet (beleid, notules ens); interne listserver; finansiële databasis ◆ "Listservers" word deur een respondent gebruik. Sy toekomsplanne: skep van 'n virtuele klaskamer; plasing van vaktydskrif asook korpusse en woordeboeke op die Web ◆ Vakkundige cd's word deur een respondent gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die portaal moet die skep van akademiese kennisprodukte ondersteun ◆ Die portaal moet voorsiening maak vir die insluit van departemente se bestaande Internet-produkte ◆ Die portaal moet die publikasie van kennisprodukte op die Web ondersteun
---	---

<p>4.2.1.2.5 <u>Op watter wyses kommunikeer u met u vakkundige verwysingsgroep ("invisible college")</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Elektroniese pos word deur sewe respondente gebruik ◆ Konferensies en kongresse word deur vier respondente gebruik ◆ Werkswinkels word deur een respondent gebruik ◆ Twee respondente gebruik die telefoon ◆ Konsultasiegesprekke word deur een respondent gebruik ◆ Raadgewende werk word deur een respondent gebruik ◆ Een respondent dien op professionele liggame se komitees ◆ Pos is deur een respondent genoem 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ E-pos moet beskikbaar wees ◆ Die portaal moet kommunikasie met vakkundige netwerke ondersteun
<p>4.2.1.2.6 <u>Watter probleme, indien enige, ervaar u met u persoonlike bestuur en hantering van inligting en kennis?</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Drie respondente ervaar geen probleme nie - een respondent is van mening dat sy stelsel goed werk, alhoewel daar 'n tydsbeperking is en een respondent reken dat hulle hulle eie probleme oplos en daarom is daar geen probleme nie ◆ Een respondent vind die rekenaardienste by UP onbetroubaar, terwyl nog een reken dat die Webnetwerk wispelturig is ◆ Boeke wat op UP-Explore is is nie altyd in die biblioteek beskikbaar nie - volgens een respondent ◆ Een respondent benodig hulp met Websoektogte, aangesien dit 'n moeisame proses is om skaars dokumente op die Web op te spoor 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Hulp vir die bedryf van die portaal en die uitbou van Web-kundigheid moet beskikbaar wees


<ul style="list-style-type: none"> ◆ Kundigheid oor html-kodering, die skep en verpakking van multimedia en die integrering van inligtingkundige beginsels met sy vakgebied is vir een respondent 'n probleem ◆ Die organisering, herwinning en berging van inligtingstukke is vir een respondent 'n probleem ◆ Een respondent ervaar 'n totale inligtingoorlading agv e-pos, faks en telefoon. Studente vra ook meer inligting nav die departement se Webbladsy en dit kan nie individueel hanteer word nie 	
<p>Sintese: Hierdie resultate gee 'n goeie aanduiding van wat hierdie akademici se persoonlike bestuur van inligting en kennis behels en watter inligtingsdienste en -produkte deel van die Webportaal moet wees. Die invloed van die Internet op die respondente se persoonlike inligting- en kennisbestuur kan soos volg opgesom word:</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ <u>Insameling en herwinning van inligting:</u> Hierdie aspek is al in 'n mate deur die Internet beïnvloed. Websoekenjins word deur vier van die respondente gebruik. Slegs enkele van die respondente is bewus van die AI se elektroniese tydskrif- en databasisaanbiedings op die Web. Inligtingkundiges en ander tussengangers word veral gebruik om inligting te verkry. ◆ <u>Organisering en verwerking van inligting:</u> Een respondent gebruik 'n indekseringpakket ("ProCite"), terwyl nog 'n respondent die organisering, herwinning en berging van inligtingstukke as 'n probleem ervaar. Die Internet speel hier geen rol nie. 	

<ul style="list-style-type: none">◆ <u>Skep van inligting- en kennisprodukte</u>: Die MicroSoft-reeks produkte word in hoofsaak vir hierdie aspek gebruik. Slegs twee akademici skep opleidingsprodukte vir publisering op die Web.◆ <u>Kommunikasie en verspreiding van inligting en kennis</u>: Elektroniese pos speel 'n groot rol om inligting en kennis te versprei en om wetenskaplike netwerke in stand te hou. "Listservers" word min gebruik en geselskamers glad nie. <p>Die Internet is tans nie 'n integrale deel van hierdie akademici se taakverrigting nie.</p>	
<p>4.2.1.3 <u>Prototipe portaal word voorgehou en deurgewerk</u>: http://linuxbox.up.ac.za:8080/infoportal/app/template/main.wm Enkele skermafdrucke van die prototipe portaal word nou voorgehou om 'n aanduiding van die inhoud, funksionering en voorkoms van die portaal te gee:</p>	




Figuur 4

Hoofblad van die prototipe Webportaal




Figuur 5

Biblioteekatalogus as deel van prototipe Webportaal




Figuur 6

Tydskrifindeks van prototipe Webportaal




Figuur 7

Besikbare tydskrifte oor 'n onderwerp




Figuur 8

Voorbeeld van 'n Webtydskrif



Figuur 9

Funksionering van verpersoonliking



Figuur 10

'n Verpersoonlike lys inligtingbronne

Tydens die deurwerk van die portaal deur die respondente het die volgende na vore gekom:

- ◆ Slegs een respondent het vanself na die **verpersoonliking** gegaan en gewet hoe dit werk. Een respondent het gevra hoe hy moet weet dat hy moet registreer voordat hy kan "add to favourites". Die blou opdragies daaronder is ook verwarrend
- ◆ Niemand het vanself na "**customization**" gegaan nie
- ◆ **Elektroniese tydskrifte en databasisse** se beskikbaarheid het positiewe kommentaar ontlok
- ◆ Die verpersoonliking-gedeelte van die portaal moet herontwerp word
- ◆ Die "customization"-plasing moet verander word en kan selfs met verpersoonliking gekombineer word

<ul style="list-style-type: none"> ◆ Onderwerpe is as die belangrikste toegang tot inligting gebruik. Indien hulle nie 'n spesifieke bron kon opspoor nie, is daar na die alfabet gegaan. Een respondent het die verskillende toegangswyses tot dieselfde bron verwarrend gevind ◆ Die middelste gedeelte (figuur 4) se taal ensovoorts het negatiewe kommentaar ontlok ◆ Om vanaf die tydskrifte terug na die portaal te beweeg, was vir sommige 'n probleem ◆ Daar is 'n behoefte om Webadresse / urls te kan byvoeg ◆ Daar is 'n behoefte aan toegang tot die lys van geakkrediteerde tydskrifte ◆ Een respondent wil hê die UP-navorsingsdatabasis moet hierby geïntegreer word ◆ Een respondent hou van die idee dat deskundiges kan help bou aan die databasis ◆ Soekfunksie van portaal - nie duidelik wat gesoek word nie. Die stelsel moet sê indien dit niks kry nie. Tydskrifte se soekfunksie is ook nie duidelik nie. ◆ Een respondent wil hê dat die databasis toegangskodes administreer ◆ Die verband met UP-homepage was 'n vraag ◆ Biblioteekatalogusskerm - een respondent het gevra of daar van amazon.com bestel kan word. Nog 'n respondent dink dit kan later uitgebrei word na byvoorbeeld kalahari.net. ◆ Een respondent het genoem dat daar 'n behoefte aan projekbestuurondersteuning is 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ E-tydskrifte en databasisse is nodig ◆ Onderwerpe moet aansienlik uitgebrei word ◆ Hulpfunksie vir funksionering van portaal ◆ Haal middelste gedeelte uit en plaas iewers anders ◆ Ander Webadresse moet bygevoeg kan word ◆ Hulp vir terugbeweeg vanaf ander platforms ◆ Lys van geakkrediteerde tydskrifte is nodig ◆ Ondersoek die moontlikheid om die UP-navorsingsdatabasis in te sluit ◆ Kliënte moet aan inhoud van portaal help bou ◆ Hulp vir soekfunksie ◆ Administrasie van toegangskodes is nodig
---	--

<ul style="list-style-type: none"> ◆ Een respondent is van mening dat die biblioteek-katalogus weggesteek is op die UP-homepage ◆ Vrae rondom wat terme soos "knowledge tools" en "UP publications" beteken. Moet sê watter "knowledge tools" word bedoel ◆ Een respondent benodig 'n outomatiese koppeling tussen databasissoektogte, biblioteekbesit en die ibl-funksie 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Beleid is nodig oor koppeling van die portaal met ander tuisblaai ◆ Die amazon.com funksie by die katalogus moet duideliker wees en kan ook uitgebrei word ◆ Ondersteuning vir projekbestuur is nodig ◆ Huidige terme wat gebruik word, is nie altyd duidelik nie ◆ Onderzoek koppeling met ibl-stelsel
<p>Sintese: Dit het tydens die deurwerk van die prototipe Webportaal deur die respondente geblyk dat hulle Internet- en Webgeletterdheid oor die algemeen nie baie hoog is nie. Probleme rondom terme wat gebruik is, asook die beweeg deur die portaal, het na vore gekom.</p>	
<p>4.2.1.4 <u>Evaluering van Webportaal-prototipe</u></p>	
<p>4.2.1.4.1 <u>Hoe aanvaarbaar is die idee van so 'n Webportaal om u hantering en bestuur van inligting te ondersteun?</u> Die respondente was almal positief oor die idee van so 'n portaal:</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Baie goed - alles is op een plek beskikbaar. Dit sou goed wees indien 'n literatuurorganiseerder soos die van "Research Toolbox" ook by die portaal geïntegreer kan 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Onderzoek die moontlikheid om 'n literatuur-

<p>word</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Absoluut. Voorwaarde: netwerk moet stabiel wees ◆ Sal goed wees. Voordeel indien databasisse slegs een wagwoord benodig. Huidige omgewing is baie gefragmenteerd - behoefte aan beter integrasie ◆ Baie goed as dit uitgebou kan word tot 'n kragtige soekfasiliteit ◆ 100% ◆ Hoekom sal dit onaanvaarbaar wees? Klink goed ◆ Dit kan baie oulik werk. Sou goed wees indien daar na die volgende funksies geklik kan word: dagboek (Lotus organiseerder), tel nrs, "to do" lys. Dit sou goed wees indien die portaal die skerm is waarmee hy al sy funksies kon hanteer - indien die rekenaar daarmee kon oopmaak. Sal die portaal graag wil gebruik ◆ Indien dit kommunikeerbaar is, is dit baie aanvaarbaar 	<p>organiseerder in te sluit</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Onderhandel op strategiese vlak oor die stabiliteit van netwerke ◆ Onderzoek die moontlikheid dat die portaal die "desktop" kan vervang
<p>4.2.1.4.2 <u>Stem u saam met die inhoud van die huidige prototipe en wat dink u moet bykom of weggelaat word?</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Eerste bladsy ("home"): Oor die algemeen is almal positief; een voel net dit is te besig ◆ Spyskaart: Almal is baie positief. Een persoon voel dat meer as een skakel na dieselfde onderwerp pla. Indien 'n elektroniese dagboek sou bykom, moet mens net daarop kan klik ◆ Middelste gedeelte: Vier is positief en vier negatief. Positief: mooi, veral kleure van sleutelwoorde; altyd vir eerstegebruikers; baie "nice". Negatief: haal uit en maak deel van "menu" - "about InfoPortal" en "Personalitation"; lees gewoonlik nie; taal is 'n 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Hulpfunksie - verduidelik verskillende toegange ◆ Haal middelste gedeelte uit en maak deel van spyskaart

<p>probleem; bietjie onnodig - as net een keer sien, is dit ok</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ "Search" en bestek: Ses respondente vind dit goed. Die ander se kommentaar: nie nodig nie; moet aandui indien nie inligting herwin nie; verkies katalogus as soekbestek; onduidelik ◆ "Calendar": Vier is positief oor die funksie. Die ander: nie nodig nie, sy eie een werk goed genoeg; nie nodig nie, maak skerm te besig, funksie bestaan reeds elders ◆ "To-do list": Drie is positief. Kommentaar: moet kan "prompt"; benodig ook kontakadreslys; as vinnig daarop kan inkom ◆ "Resources by type": Een respondent is van mening dat multimedia moet bykom, terwyl nog 'n respondent voel dat die dubbele inskrywings 'n probleem is ◆ "Library catalogue": Die respondente was almal baie positief oor hierdie koppelvlak ◆ "Databases": Die respondente is positief oor hierdie aspek. Enkele opmerkings: baie goed - indien dit meer beskikbaar is en dit kragtige herwinning bied; bykomende onderwerpe word benodig; verwarrend - gaan van alfabetiese lys na titel? - onderwerpe is reg; toegang is 'n groot probleem ◆ "Journals": Die respondente is positief oor hierdie aspek. Enkele opmerkings: geakkrediteerde lys van tydskrifte is noodsaaklik; die soekfunksie binne die tydskrifte werk goed. <u>Opmerking:</u> Veral die natuurwetenskaplikes was opgewonde oor die feit van tydskrifte op die Web 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Soekfunksie moet duideliker wees ◆ Onderzoek moontlikheid om portaal met bestaande dagboeke te koppel ◆ Sluit "to-do list" in ◆ Gebruik hierdie koppelvlak vir katalogus indien moontlik ◆ Besikbaarheid van databasisse moet ondersoek word ◆ Sluit geakkrediteerde lys van tydskrifte in
---	---

<ul style="list-style-type: none"> ◆ "UP publications": Vyf respondente was positief oor hierdie aspek, spesifiek oor die moontlikheid van elektroniese verhandelings en proefskrifte. Een respondent was neutraal, een gebruik die UP-Webbladsye daarvoor en een twyfel oor die waarde van die idee aangesien M- en D-studies as artikels gepubliseer word. Een respondent is van mening dat toegang tot UP-navorsingspublikasies wel van waarde sal wees. ◆ "Knowledge tools": Vier respondente reken dat hierdie funksie belangrik is. Een van hierdie respondente het die volgende genoem: e-pos, MS Word, MS Excel en 'n elektroniese dagboek. Nog een reken die portaal kan sy "desktop" vervang. Drie respondente reken hierdie funksie is nie nodig nie. Een van hierdie respondente sou egter wel sy cd's deur die portaal aan studente wil toeganklik maak ◆ "Guides and tutorials": Sewe respondente is positief oor hierdie aspek. <u>Enkele opmerkings</u>: studiegidse is belangrik en Web-CT-integrasie noodsaaklik; goeie soekfunksie is noodsaaklik; FAQ vir die gebruik van databasisse en die Web; goed indien studente dit kan gebruik. Een respondent is negatief: afstandonderrig is die begin van stagnasie en nie relevant vir 'n lewende wetenskap nie ◆ "Resources by subject": Almal is positief hieroor. Volgens een respondent is dit die belangrikste gedeelte. Nog 'n respondent vra dat die onderwerpe uitgebrei moet word ◆ "Services": Geen kommentaar 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Ondersoek wat die inhoud van "UP publications" gaan behels ◆ Ondersoek die moontlikheid om gewilde programmatuur in te sluit ◆ Ondersoek verband met Web-CT ◆ Brei onderwerpe uit
--	--

<ul style="list-style-type: none"> ◆ "Interlibrary loan": Almal is positief oor hierdie funksie. Een respondent vra dat die portaal gekoppel moet wees aan 'n geïntegreerde stelsel ◆ "Book acquisitions": Almal is positief hieroor ◆ "Suggestions": Sewe respondente is positief hieroor. Een is negatief: moet versigtig wees aangesien dit verwagtinge van diens skep ◆ Verpersoonliking: Almal is baie positief hieroor. <u>Enkele opmerkings</u>: vinnige registrasie is belangrik; verander "favourites" eerder na "personalisation"; "new visitors register" moet meer opvallend wees; bekommerd dat dit 'n administratiewe las kan skep ◆ "Customization": Vier respondente is positief hieroor en vier negatief. <u>Enkele opmerkings</u>: sou graag 'n persoonlike argeologiese "touch" wou bysit, spesifiek met multimedia; wonderlike idee in beginsel; kan groot administratiewe probleme skep; funksionaliteit is die belangrikste eienskap van die portaal; benodig "shortcut" vanaf rekenaarskerm na portaal 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Onderzoek koppeling met ibl-stelsel ◆ Sluit aankopefunksie in ◆ Kontakpersoon vir portaal is belangrik ◆ Herontwerp verpersoonliking en "customization"
<p>4.2.1.4.3 <u>Enige voorstelle vir die verbetering van die prototipe Webportaal?</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Vereenvoudig die uitleg: "simplicity, flexibility, adding value" ◆ Idee is baie "smart" en "grand". Sal dit graag wil gebruik. Indien portaal oopmaak, moet dit toegang tot alles gee; veral maklik toegang tot inligtingbronne - moet wagwoorde kan hanteer. Wonder oor die verband met ander UP-Webbladsye, bv die UP-tuisblad 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Eenvoudige uitleg is nodig ◆ Portaal moet op die Internet beskikbaar wees

<ul style="list-style-type: none"> ◆ Moet van kantoor, huis en veldkantore soos Kruger Wildtuin en Marioneiland kan werk - veral M- en D-studente ◆ Verduidelikings lees te veel soos 'n hulpfunksie - byvoorbeeld op die "home" bladsy by die verduideliking oor die infoportal moet 'n term soos "aggregates" 'n voorbeeld insluit ◆ Soekfunksie - moet sê as nie iets kry nie ◆ 'n Koukus of "chat room"; veral tutors / senior studente moet ook die portaal kan gebruik; goeie link met Web-CT; hulpfunksie / raad vir publikasieprobleme; kopiereg?; wil op portaal en die Internet publiseer; kommunikasie is baie belangrik 	<ul style="list-style-type: none"> ◆ 'n Kommunikasie-ruimte is nodig ◆ Advies oor e-publikasie is nodig
<p>4.2.1.4.4 <u>Watter probleme voorsien u met die idee van die Webportaal?</u></p> <p>Een respondent voorsien geen probleme nie; vyf respondente voorsien dat netwerkprobleme die portaal kan ondermyn; een respondent voel sterk daarvoor dat effektiewe bemarking nodig is. Die portaal sal help om bronne makliker toeganklik vir studente te maak. Inligtingkundiges gee gereeld lesings as deel van die kurrikulum - al die verskillende urls en name maak die studente deurmekaar</p>	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Stabiliteit van UP-netwerke moet aangespreek word ◆ Die portaal moet effektief bemark word
<p>4.2.1.4.5 <u>Enige sienings, aanbevelings, voorstelle oor die voorkoms ("look & feel") van die prototipe portaal?</u></p> <p>Oor die algemeen is die respondente positief oor die portaal se voorkoms. <u>Enkele opmerkings</u>: taal 'n probleem; "banner" gedeelte lyk nie goed nie; middelste gedeelte te vol - te veel woorde. Behoefte dat dit ook Webbladsye van departemente, beleidstukke, UP-tuisblad moet kan akkommodeer; te veel strepies en blokkies; hou daarvan dat dit konserwatief is sonder tierlantyntjies; hou van</p>	<ul style="list-style-type: none"> ◆ Die voorkoms van die portaal moet eenvoudig en interessant wees

<p>kleurgebruik; moet dit meer "fun" maak, byvoorbeeld sirkels, "mindmaps" en animasie. Stel voor dat 'n mini-cd gebruik word om die portaal te "autoload" - inligting oor die portaal te verskaf en gebruikers outomaties te registreer</p>	
<p>Sintese: Die respondente was baie positief oor die idee van so 'n Webportaal om hulle persoonlike bestuur van inligting en kennis te ondersteun. Daar was 'n besef dat hulle huidige omgewing baie gefragmenteerd is en beter geïntegreer kan word. Die idee dat die portaal 'n "desktop"-skerm se funksionaliteite kan vervang, het na vore gekom. Die spesifieke kommentaar oor die inhoud, funksionaliteit en voorkoms van die prototipe Webportaal is waardevol vir die verdere ontwerp en ontwikkeling van die portaal. Netwerkprobleme word as die grootste struikelblok vir die portaal se suksesvolle implementering gesien.</p>	

Tabel 3

Verwerking van onderhoude met akademici

4.2.2 Bespreking van die resultate van die onderhoude met akademici

Hierdie agt persoonlike onderhoude met akademici aan die Universiteit van Pretoria het oor drie aspekte gegaan, naamlik die respondente se demografiese inligting, die identifisering van hulle inligtingbehoefte en hulle evaluasie van die prototipe Webportaal nadat hulle dit self op die Web deurgewerk het. Samevattend kan die volgende gesê word:

- ◆ Die respondente is 'n groep hoëvlak akademici in hulle vroeë middeljare wat goed in hulle vakgebiede gevestig is en deel uitmaak van nasionale en internasionale vakkundige netwerke.

- ◆ Die Internet en Web het veral 'n verskil in hulle inligtingverkryging en kommunikasie gemaak, spesifiek die gebruik van elektroniese pos en soekenjins. Oor die algemeen het die Internet nie 'n groot impak op hulle taakverrigting nie en is die respondente se Webgeletterdheid oor die algemeen nie besonder hoog nie.
- ◆ Die respondente is baie positief oor die idee van 'n Webportaal. Die detailevaluasie van die prototipe is van groot waarde vir die herontwerp en verdere ontwikkeling van die portaal.
- ◆ Daar is enkele verskille tussen die twee groepe respondente, naamlik onderwysinnoveerders en akademiese presteerders. Die belangrikste verskil is dat twee van die onderwysinnoveerders opleidingsmateriaal op die Web publiseer en dat nie een van die akademiese presteerders dit doen nie. Een van die akademiese presteerders is van plan om dit te doen, maar nie as deel van die UP onderwysmodel (telematiese onderwys) nie. Twee van die onderwysinnoveerders wil die portaal vir hulle nagraadse studente gebruik, terwyl een van die akademiese presteerders ook baie sterk daarvoor voel. Ander verskille is dat die geesteswetenskaplikes meer op boeke gerig is, en die natuurwetenskaplikes meer op tydskrifte (joernale). Hierdie verskille kan binne een Webportaal geakkommodeer word. Afsonderlike portale is dus nie nodig vir die rolle van onderwys en navorsing nie. Die portaal sal wel oor die funksionaliteit moet beskik om die voorkoms en inhoud volgens behoefte aan te pas ("customization").

Hierdie onderhoude verbeter die moontlikheid dat 'n werkende Webportaal relevant en aanvaarbaar vir akademici verbonde aan die Universiteit van Pretoria sal wees.

4.3 Verwerking van fokusgroepsessie met inligtingkundiges.

Neëntien inligtingkundiges verbonde aan die Akademiese Inligtingsdiens, Universiteit van Pretoria, is per e-pos na die fokusgroepsessie genooi, waarvan vyftien die sessie bygewoon het. Die portaal is deur die ontwerper gedemonstreer, waarna die tweede helfte van die akademië se onderhoudskedule (evaluasië van die prototipe portaal; Aanhangsel A; par. 4) gebruik is.

4.3.1 Tydens die demonstrasië van die prototipe Webportaal het die volgende aspekte na vore gekom:

- ◆ Inligting word in die databasis gestoor. 'n Kliënt se gebruiksgeskiedenis kan volledig bygehou word. Koekies word gebruik om kliënte te identifiseer.
- ◆ Die huidige soekfunksie op die hoofbladsy soek net op die inhoud van die portaal en nie op byvoorbeeld die inhoud van databasisse nie. Daar is 'n behoefte aan 'n globale soekfunksie op die inhoud van bronne.
- ◆ Tydskrifte moet binne die raamwerk van die portaal vertoon word - "co-branding" met die verskaffer is moontlik. Dit moet maklik wees om terug te beweeg na die portaal.
- ◆ E-pos, elektroniese dagboeke en woordverwerkers moet deel van die portaal wees
- ◆ Die portaal word dinamies gedryf met "templates" en Web- en Wizard-koppelvlakke. Java word gebruik sodat integrasië met ander stelsels op die kampus, ensovoorts relatief maklik kan plaasvind.
- ◆ Die portaal bied verpersoonliking, maar nog steeds algemene toegang. Die prototipe portaal is op die beginsel van "favorites" gebaseer.

Sintese: Aangesien die inligtingkundiges op 'n demonstrasië moes reageer en nie self deur die prototipe portaal kon werk nie, is hulle kommentaar redelik algemeen. Aspekte soos 'n behoefte aan 'n globale soekfunksie en die beweging deur die portaal het na vore gekom.

4.3.2 Tydens die evaluasie van die prototipe Webportaal het die volgende aspekte na vore gekom:

4.3.2.1 Hoe aanvaarbaar is die idee van so 'n Webportaal om u kliënte se hantering en bestuur van inligting te ondersteun?

- ◆ Oor die algemeen is dit aanvaarbaar. Daar was 'n vraag oor hoe die aparte Web/html-bladsye van die dienseenhede deur die portaal geraak gaan word
- ◆ Die portaal word basies die akademikus se "desktop"
- ◆ Die portaal word deur die betrokkenes as 'n dinamiese kommunikasiekanaal met kliënte beskou. Notas / kennisgewings kan op die kliënte se rekenaars flits.

4.3.2.2 Stem u saam met die inhoud van die huidige prototipe en wat dink u moet bykom of weggelaat word?

- ◆ **Eerste bladsy:** die AI se logo moet meer prominent wees - dit is 'n uitstekende bemarkingsgeleentheid
- ◆ **Middelste gedeelte:** Die baie geskryf laat dit "cramped" lyk
- ◆ **"Search" en bestek:** Daar sal 'n aanduiding moet wees dat slegs op titels en beskrywings gesoek gaan word. Web "search engines" moet definitief ook beskikbaar wees.
- ◆ **"Calendar":** Vraag of dit aan bestaande elektroniese dagboeke soos Access sal kan koppel.
- ◆ **"To-do list":** Alles wat jy aan kan dink en graag daar wil hê
- ◆ **"Library catalogue":** Vraag of UP-Explore se nuwe koppelvlak nie hier gebruik moet word nie
- ◆ **"Databases":** ERL-databasisse moet ook geïntegreer kan word. Huidige onderwerpe is te min - al die ander vakgebiede moet bykom
- ◆ **"Journals":** Tyds@Tuks "brand" naam moet hier verskyn

- ◆ **"UP publications"**: Dit is die logiese plek vir e-argiewe, asook verhandelings en proefskrifte. Ook integrasie met ander internasionale argiewe. Vraag of die benaming "UP publications" nie verwarrend is nie
- ◆ **"Knowledge tools"**: Wat word hiermee bedoel. Die portaalontwerper verduidelik dat dit 'n katalogus met programme kan wees wat afgelaai kan word
- ◆ **"Guides and tutorials"**: Klink reg
- ◆ **"Resources by subject"**: Goed - hoe gaan reeds bestaande data ingevoer word
- ◆ **"Services"**: Voorgeskrewe boekelys kan bykom. Moontlik ook dienste rondom voorbereiding van manuskripte soos vertaling, taalversorging en tik. Ondersteuning vir e-publisering is nodig
- ◆ **"Inter library loan"**: Dit is belangrik dat die Sabinet stelsel hierby inskakel
- ◆ **"Book acquisitions"**: Daar moet 'n funksie wees om kliënte te laat weet van nuwe relevante boeke
- ◆ **Verpersoonliking van portaal**: "Login" moet eenmalig wees - geen ekstra wagwoorde ensovoorts moet nodig wees nie - kampus is besig om na LDAP bedieners te beweeg
- ◆ **"Customization"**: Al die dienste wat nie benodig word nie, kan sodoende uitgeskakel word - skakel probleem uit van te veel aanbiedings
- ◆ **Algemeen**: Sterk punt van portaal moet integrasie en interaktiwiteit wees. Kliënte moet inligtingkundiges kan kontak. Instandhouding van portaal is baie belangrik, asook 'n kontakpersoon. Voel soos 'n biblioteek op die Web - die portaal moet meer omvattend wees. Bestaande "branding" is belangrik soos bv Tyds@Tuks en UP-Explore.

4.3.2.3 Enige voorstelle vir die verbetering van die prototipe Webportaal?

- ◆ Moelik om te sê - sal dit eers self wil gebruik
- ◆ Sukses of mislukking gaan van integrasie afhang
- ◆ Sal kliënte bewus maak van alle aanbiedings
- ◆ Kommunikasie en bemerking noodsaaklik

- ◆ Helpskerms is noodsaaklik - meer hulp vir spesifieke funksies - kontekssensitiewe hulp is nodig

4.3.2.4 Watter probleme voorsien u met die idee van hierdie Webportaal?

- ◆ As dit net nog 'n sisteem is, gaan dit 'n probleem wees; dit moet tien ander stelsels vervang
- ◆ Kontakpersoon is nodig - ondersteuning moet baie goed wees - 'n administreerder is nodig
- ◆ Globale soekfunksie op inhoud (verskil van mening hieroor)

4.3.2.5 Enige sienings, aanbevelings, voorstelle oor die voorkoms ("look & feel") van die prototipe portaal? (Opmerking: die portaal se kleure lyk vreemd op die skerm as gevolg van die dataprojektor)

- ◆ Geel lees moeilik
- ◆ Voel staties. Moontlik kan van die kleure verander soos wat deurbeweeg.
- ◆ Lees nie maklik nie
- ◆ Sou beslis kleur verander

Sintese: Dit blyk uit hierdie evaluasie dat die inligtingkundiges spesifiek uit die hoek van die inligtingsberoep na die prototipe portaal kyk en nie vanuit die perspektief van die akademikus nie. Die portaal word veral as 'n integrasie en verlengstuk van die Akademiese Inligtingsdiens se inligtingsdienste en -produkte gesien.

4.3.3 Voorlopige ontwerpriglyne vir die portaal

Die volgende ontwerpriglyne word voorlopig uit die fokusgroepgesprek afgelei:

- ◆ **Soekfunksie:** Daar is 'n behoefte aan 'n globale soekfunksie op die inhoud van bronne. Beter verduideliking is nodig by die huidige funksie. Soekenjins moet ook beskikbaar wees
- ◆ **Programmatuur:** E-pos, elektroniese dagboeke en woordverwerkers moet deel van die portaal wees
- ◆ **Bemarkingsgeleentheid:** Portaal word gesien as 'n bemarkingsgeleentheid vir die AI - die gebruik van bv AI-logo's. Bemarking van die portaal is noodsaaklik
- ◆ **Kommunikasie:** Portaal moet kommunikasie met kliënte ondersteun. Kliënte moet inligtingkundiges kan kontak
- ◆ **Verhouding met ander Webbladsye:** Hierdie kwessie moet ondersoek word
- ◆ **Funksie van portaal:** Die portaal kan die akademikus se "desktop" vervang
- ◆ **"Calendar":** Moet met bestaande stelsels kan koppel
- ◆ **"To-do list":** Moet beskikbaar wees
- ◆ **"Library catalogue":** UP-Explore se koppelvlak kan moontlik eerder hier gebruik word
- ◆ **"Databases":** ERL-databasisse moet ingesluit word
- ◆ **Tydskrifte:** Tydskrifte moet binne die raamwerk van die portaal vertoon word - "co-branding" met die verskaffer is moontlik. Dit moet maklik wees om terug te beweeg na die portaal. Tyds@Tuks se "brandname" moet hier verskyn
- ◆ **"UP publications":** Naam moet ondersoek word. E-argiewe, verhandelings en proefskrifte kan hier gekoppel word
- ◆ **"Services":** Voorgeskrewe boekelys kan ingesluit word. Ondersoek ondersteuning vir elektroniese en gewone publiserings
- ◆ **"Inter library loan":** Skakel in by Sabinet stelsel
- ◆ **"Book acquisitions":** Funksie om kliënte op hoogte van nuutste boeke te hou, word benodig

- ◆ **Verpersoonliking:** Eenmalige registrasie word benodig
- ◆ **"Customization":** Is ten gunste van hierdie aspek
- ◆ **Onderwerpe:** Moet uitgebrei word om al die vakke in te sluit
- ◆ **Administrasie:** Instandhouding van portaal is belangrik en 'n kontakpersoon is noodsaaklik
- ◆ **Helpskerms:** Kontekssensitiewe hulp is noodsaaklik
- ◆ **Voorkoms:** Moet minder staties wees

4.3.4 Bespreking van die resultate van die fokusgroepsessie met inligtingkundiges

Daar is wel 'n mate van oorvleueling tussen die die akademië en inligtingkundiges se evaluasie van die prototipe Webportaal. Die belangrikste verskille is as gevolg van verskillende uitgangspunte. Die inligtingkundiges se Webgeletterdheid is oor die algemeen hoër as die van die akademië en hulle kan dit as 'n geleentheid vir opleiding en konsultasie sien. Die waarde van triangulasie is deur hierdie aanvullende insamelingsmetode geïllustreer, aangesien nuttige bykomende ontwerpriglyne geïdentifiseer is.